



spv | dpa

SAGTEVRUGTEPLANTVERBETERINGSVERENIGING
DECIDUOUS FRUIT PLANT IMPROVEMENT ASSOCIATION

SPV F-1-3

WEEFSELKULTUURFASILITEITE

(1 Augustus 2024)

INHOUDSOPGAWE

1.	REGISTRASIE VAN WEEFSELKULTUURFASILITEITE	2
2.	VEREISTES VIR WEEFSELKULTUURFASILITEITE	2
3.	VEREISTES VIR PLANTMATERIAAL	3
4.	OPNAME IN DIE SKEMA	5

1. REGISTRASIE VAN WEEFSELKULTUURFASILITEITE

- 1.1 Die fasiliteit moet by die Departement van Landbou (NDL) as 'n kwekery geregistreer wees indien daar nie uitsluitlik gesertifiseerde onderstamme voorsien gaan word nie. So 'n fasiliteit moet voldoen aan die vereistes wat ingevolge die Plantverbeteringswet, 2018 (Wet Nr. 11 van 2018) voorgeskryf word alvorens by die SPV geregistreer kan word.
- 1.2 Plantverbeteringsorganisasies wat weefselkultuur onderstam plantmateriaal invoer of in 'n weefselkultuurfasiliteit wil vermeerder vir voorsiening aan kwekerye moet aansoek doen om die betrokke fasiliteit/e as grondves kwekerye te registreer (SPV D-1-1).
- 1.3 Indien 'n weefselkultuurfasiliteit plantmateriaal direk wil invoer of vermeerder moet die betrokke fasiliteit by die Sagtevrugteplantverbeteringsvereniging (SPV) aansoek doen om as 'n Plantverbeteringsorganisasie te registreer (SPV C-1-1).
- 1.4 'n Fasiliteit waarvoor aansoek gedoen word moet oor die infrastruktuur en kundigheid soos uiteengesit in Afdeling 2 beskik.
- 1.5 Weefselkultuurfasiliteite word by die SPV geregistreer op grond van die toerusting en die bevoegdheid van die personeel wat die vermeerdering op daardie stadium doen. Enige verandering of uitbreiding ten opsigte van die fasiliteit en kundigheid van personeel moet by die SPV aangemeld word.
- 1.6 Geregistreeerde fasiliteite moet oor die nodige gedokumenteerte literatuur en verwysings beskik ten einde die mees effektiewe protokol vir elke tipe plantmateriaal te volg.
- 1.7 Die fasiliteit moet deurgaans goeie laboratorium praktyke toepas en diensrekords moet beskikbaar wees as bewys dat apparate gereeld nagegaan en in goeie werkende toestand is.
- 1.8 Alle geregistreeerde fasiliteite moet jaarliks geoudit word ten opsigte van die vereistes en produksie van plantmateriaal.

2. VEREISTES VIR FASILITEITE

- 2.1 Weefselkultuurfasiliteite wat beskik oor 'n geregistreeerde kwarantynenheid, moet verseker dat die eenheid te alle tye aan die vereistes van die NDL vir so 'n eenheid voldoen.
- 2.2 Die fasiliteit moet ook beskik oor 'n kern-/grondvestonnel waar plante vir vermeerdering, gehuisves kan word.

2.3 Daar moet duidelik afgebakende areas wees vir die volgende aktiwiteite:

- 2.3.1 waskamer;
- 2.3.2 stoorkamer;
- 2.3.3 mediavoorbereiding;
- 2.3.4 mediaberging;
- 2.3.5 enting;
- 2.3.6 groeikamer;
- 2.3.7 plantoordrag;
- 2.3.8 primêre afharding (misbed); en
- 2.3.9 sekondêre afharding.

2.4 Daar moet beperkte toegang wees tot alle areas waar plantmateriaal en media hanteer en geberg word.

2.5 Die fasiliteit moet oor voldoende noodkrag beskik om te verseker dat kragvoorsiening nie onderbreek word nie.

2.6 Die groeimedium wat gebruik word wanneer plantjies vanaf die laboratorium oorgeplant word moet steriel wees.

2.7 Alle waterbronne vir beide die laboratorium sowel as die afhardingseenhede en kweekhuise moet vry wees van peste en vektore van siektes van sagtevrugte.

3. VEREISTES VIR PLANTMATERIAAL

3.1 Ingevoerde plantmateriaal

3.1.1 Ingevoerde weefselkultuurmateriaal word deur die DL nagegaan en dan aan die goedgekeurde weefselkultuurfasiliteit gelewer, om in die kwarantyneenheid gevestig te word.

3.1.2 Indien die materiaal afkomstig is van 'n geakkrediteerde fasiliteit en voldoen aan al die fitosanitêre vereistes kan die vrystelling redelik vinnig geskied.

3.1.3 In gevalle waar die materiaal nie van 'n geakkrediteerde fasiliteit afkomstig is nie, moet afgeharde plante aan die kwarantynstasie voorsien word om die nodige toetse en ondersoeke te doen alvorens die besending vrygestel kan word.

3.1.4 Die plantmateriaal waarna verwys word in 3.1.3 sal nie kwalifiseer vir sertifisering alvorens al die nodige toetse en evaluasie plaaslik afgehandel is nie.

3.1.5 In gevalle waar plantmateriaal (massa invoere) vanaf 'n geakkrediteerde fasiliteit ingevoer is (3.1.2) en waar bewys gelewer kan word dat die betrokke materiaal ook aan die fitosanitêre vereistes van die Skema voldoen kan aansoek gedoen word om die betrokke besending in die Skema op te neem.

3.1.6 Die plantmateriaal moet ook aan die volgende vereistes voldoen:

- a) variëteit moet op die Amptelike Variëteitslys wees;
- b) kloon moet geregistreer wees;
- c) die oorsprong moet 'n gesertifiseerde bronplant by 'n geakkrediteerde oorsese fasiliteit wees.

3.1.7 Indien plantmateriaal afkomstig is van 'n kultivar wat nog nie op die Amptelike Variëteitslys is nie moet daar reeds aansoek gedoen wees vir plasing op die lys en moet bewys gelewer word dat dispensasie vir verdere vermeerdering toegestaan is.

3.2 Plaaslike plantmateriaal

3.2.1 Die PVO moet gesertifiseerde materiaal uit 'n kerntonnel aan die weefselkultuurfasiliteit voorsien.

3.2.2 In gevalle waar 'n kernplant nie beskikbaar is nie, moet 'n bronplant eers in die kern-/grondveseenheid van die fasiliteit gevestig word.

3.2.3 Die bronplante in 3.2.1 en 3.2.2 moet met die nodige middels behandel word om te verseker dat die risiko vir besmetting van die *in vitro* kulture tot die minimum beperk word.

3.2.4 Bronplante moet ten minste elke vyf jaar vervang word.

3.2.5 Die fasiliteit neem plantmateriaal vanaf hierdie bronplante en vestig, na 'n proses van oppervlak sterilisasie "moeder-eksplante" wat as bron vir die daaropvolgende inisiasies sal dien.

3.2.6 Alle bronplante moet met PKR vir alle skemavirusse getoets wees.

3.2.7 Die variëteitsegtheid van kultivars moet voor vermeerdering met met DNS bevestig word.

3.2.8 Waar opeenvolgende massa vermeerdering gedoen word moet 'n minimum van 0.1% (ten minste 10 plantjies) tydens die afhardingsproses vir die afwesigheid van die skemavirusse asook vir variëteitsegtheid getoets word.

4. OPNAME IN DIE SKEMA

- 4.1 Daar moet deeglik rekord gehou word van elke stap van die vermeerderingsproses ten opsigte van klone en getalle binne die laboratorium asook van alle plantjies wat oorgedra word na die misbed vir primêre afharding.
- 4.2 Hierdie rekords sal jaarliks deur PlantSA geoudit word.
- 4.3 Sodra plantmateriaal vanaf die primêre afhardingsfase na die sekondêre fase oorgedra word, word die materiaal amptelik in die Skema opgeneem en moet die fasiliteit die SPV van 'n volledige kwekeryopgawe voorsien (SPV D-3-4).
- 4.4 Die voorskrifte soos uiteengesit in die Standaardbedryfsprosedure vir kwekerye (SPV D-1-1) word vanaf hierdie stadium vir die plantmateriaal gevolg.